SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 16 JANUARIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS, maar ongelukkig nie vandag nie aangesien Chris uitstedig is.

In die nuus vandag:

AMSAT NA PRESIDENT GASSPREKER TYDENS INTEGNET PEARS NASIONALE BHF/UHF-KOMPETISIE

DIE WAARDE VAN AMATEURRADIO NA RAMPE

SARL IARU-FONDS VIR 2005 BENODIG JOU ONDERSTEUNING

BESPREEK NOU VIR DIE VOLGENDE RTA-LESING

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Plaas asb. U berigte op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb. In Afrikaans sowel as Engels.

AMSAT NA PRESIDENT GASSPREKER TYDENS INTEGNET

Tydens die eerste Integnet vir 2005, wat op 23 Januarie om 20:00 SAT gehou word, sal AMSAT Noord-Amerika se President Rick Hambley, W2GPS, die gasspreker wees. Rick, wat projekbestuurder vir AMSAT Oscar 51 was, is in Oktober verlede jaar verkies as President. Hy sal oor AO 51 en Projek Eagle, 'n nuwe satellietprojek, gesels.

Die Integnet volg na die President se net, wat om 19:00 begin. Klubs word genooi om nou te bespreek om hulle herhaler te koppel. Stuur 'n e-pos aan armi@sarl.org.za met die volgende besonderhede: herhalerfrekewensie, dekkingsarea en die telefoonnommer wat gekoppel moet word.

PEARS NASIONALE BHF/UHF-KOMPETISIE

Die PEARS Nasionale BHF/UHF-Kompetisie word oor die naweek van 21 tot 23 Januarie gehou. Alle amateurs in Suid-Afrika en die buurlande mag deelneem. Die 48 uur kompetisie is opgedeel in twee sessies van 24 uur elk; dit beteken

dat dieselfde stasie in beide sessies gewerk kan word en dus meer aktiwiteit bewerkstellig. Die tellings op elke band sal vermenigvuldig word met die aantal ruitblokke gewerk op daardie band.

Vanjaar is die eerste jaar dat die 4 meterband ingesluit word. Aktiwiteit sal op die 6 m, 4 m, 2 m, 70 cm en 23 cm bande plaasvind. Deelname sluit in Digitale stasies, Analoog enkeloperateur, Analoog Klub of Multi-Operateur en Analoog QRP 2 m (FM Alleen). Die volledige reëls is beskikbaar op PEARS se webwerf www.qsl.net/zs2pe.

DIE WAARDE VAN AMATEURRADIO NA RAMPE [Verslag vanaf Francois Botha, ZS6BUU, Nasionale Direkteur - HAMNET] Die drama wat homself uitspeel in Suid-Oos Asië na die aardbewing en die daaropvolgende verwoestende vloedgolf, het weereens die waarde van amateurradio tuisgebring en bevestig.

Boekdele kan geskryf word oor die bereidwilligheid, vrywilligheid en dikwels gevaarlike werk wat gedoen word deur amateurs in Indië, Sri Lanka, Indonesië en ander lande wat direk deur die ramp geaffekteer is.

Hamnet was in verbinding met Indonesië en Sri Lanka deur middel van e-poskommunikasie, en het direk gepraat met oukêrel Fahm, YBØZ, wat die amptelike noodstasie in Sumatra bedien het. Ons het hulle verseker van ons ondersteuning en bystand indien ons nodig sou wees.

Sri Lanka het ons per e-pos beantwoord en ons bedank vir ons ondersteuning maar soos ek voorheen genoem het, omdat ons so vêr verwyderd is van die ramptonele, twyfel ek of ons betrek sal word.

Daar is tog 2 items wat spesiale aandag moet geniet.

Die eiland Andaman, wat erg deur die ramp getref is, het vir die eerste keer in 25 jaar, van die Indiese Regering toestemming gekry, om 'n DXpediesie na die eiland te stuur. Min het die manne besef dat kort na hulle aankoms op die eiland, sou hulle stasie verander na 'n noodkommunikasie opset wat waardevolle inligting na Indiê gestuur het aangaande die haglike toestand op die eiland.

Weens die gebrek aan elektriese krag, moes hulle inisiatief aan die dag lê en verskeie batterye is uit motorwrakke verwyder om die nodige te voorsien. Binne 2 uur was hulle terug op die lug en is begin om noodinligting aan Indiê te verskaf.

Die tweede item bekragtig weereens die doeltreffendheid van amateurradio op die Sri Lanka eiland. Die Eerste Minister van die eiland was so afgesny van inligting weens die gebrek van normale kommunikasie dat daar oorgegaan is na die oprigtingting van 'n amateurstasie in die offisiële woning waar die stasie die operasionele middelpunt van kommunikasie geword het. Wanneer jy uitgenooi is om 'n amateurstasie in die woning van 'n land se Eerste Minister op te rig, dan besef jy hoeveel waarde daar geheg is aan amateurradio.

Amateurs sal steeds 'n belangrike rol speel in die geteisterde gebiede vir ten minste die volgende paar maande, maar dit is 'n riem onder die hart om te sien

hoe ons stokperdjie aangewend kan word om noodkommunikasie te verskaf in rampsituasies.

SARL IARU-FONDS VIR 2005 BENODIG JOU ONDERSTEUNING

Die Suid-Afrikaanse Amateurradio Ontwikkelingstrust gaan aanhou met fondsinsameling vir die SARL IARU fonds sodat die SARL sy lidmaatskapgelde aan die IARU betyds kan betaal. Die gelde vir 2005 is teen Junie betaalbaar. In September 2005 word die driejaarlikse IARU Streek 1 konferensie in Switserland gehou. As 'n groot rolspeler in Afrika, behoort die Suid-Afrikaanse Radioliga tenminste een afgevaardigde daar te hê, verkieslik meer. Die kostes betrokke word nie deur die huidige lidmaatskapgelde gedek nie.

Die gelde vir 2004 is teen die einde van November betaal te danke aan die mildelike ondersteuning van radioamateurs en klubs. Die SA Amateurradio Ontwikkelingstrust bedank almal wat bygedra het, R14 921 is ingesamel. Die bedrag in Rand oorbetaal aan die IARU was R12 204, die saldo oorgedra na die 2005 fonds is R1 916,00. 'n Volledige lys van donateurs kan gesien word op www.amateurradio.org.za.

Die eerste skenker tot die 2005 fonds is ZS1AT, Nick Sauerman. Dankie Nick. Skenkings kan per tjek gestuur word aan SA Amateurradio Ontwikkelingstrust, Posbus 90438 Garsfontein 0042 of direk in rekening nommer 560 142 722 by ABSA Menlynparktak inbetaal word.

BESPREEK NOU VIR DIE VOLGENDE RTA-LESING

Die volgende RadioTegnologie-in -ksie lesing word op Saterdag 12 Februarie 2005 aangebied. Prof. Justin Jonas sal praat oor die "Square Kilometre Array" en die onsigbare heelal. Die lesing is deel van die SARL se RadioTegnologie-in-Aksie" program, wat op nuwe en ontluikende kommunikasie en elektroniese tegnologie fokus.

Die lesing, wat om 10:00 begin, sal by die SARL Nasionale Amateurradiosentrum by Sender Technology Park in Roodepoort gehou word. Bespreekings is belangrik en 'n toegangsfooi van R20,00 is betaalbaar by die deur. Om te bespreek bel die SARL by 011 675 2393 of stuur 'n e-pos aan admin@sarl.org.za.

Deur middel van radioteleskope kan ons vanaf die aarde na kosmiese voorwerpe baie ver weg kyk. Vir astrofisiese en tegniese redes is radioteleskope beter vir die studie van die kosmos as die meer bekende optiese teleskope. Die teleskoop, genoem "Square Kilometre Array (SKA)" word tans ontwerp en kan moontlik in Suid-Afrika opgerig word. Hierdie lesing bespreek die wetenskaplike geleenthede en tegniese uitdagings wat die SKA-projek inhou, met klem op die Suid-Afrikaanse perspektief. Besoek www.sarl.org.za vir meer inligting. KLUBNUUS OOS RAND VLOOIMARK

Die Oos Rand Radioklub bied 'n vlooimark aan op 5 Februarie 2005 vanaf 09:00 by die klubhuis in Springs.

Tafels is R20-00 en besprekings kan gedoen word by Johanna Harris by tel. 011-814-2121. Die vlooimark is ook die geleentheid waar die BHF-UHF liniêre versterker weggegee salword. Kaartjies is nog beskikbaar.

OAKDALE ARK HOU AJV

Die Oakdale ARK het verlede Maandag 'n baie suksesvolle AJV gehou met 59 lede en 2 besoekers. Met slegs 2 veranderings is die vorige komitee herkies.

Voorsitter: Dave Perry, ZS1SG; Ondervoorsitter/Klubhuisbestuurder: Bernie Crockford, ZS1BW; Penningmeester/Sekretaris: Dennis Maastricht, ZS1DTM; Veldstasies: Gerald Meneses; ZS1GRM; Digitale Tegnologie/Rekenaars/Sagteware: Terry Cotton, ZS1AYJ, en Frank Daelemans, ZS1CM; Jakkalsjag en Buitelugaktiwiteite: Fred Scheepers, ZR1FCS; Skakeling/Fondsinsameling, ens: Marion Young, ZR1QRN; Kompetisies/QSL, ens: Dennis Wells, ZS1AU; Tegniese Raadgewer: Herman de Kock, ZS1HZ; Spysenier: Herbie Evans, ZR1ABV.

Die Klublid-van-die-Jaar-Trofee is aan Gerald, ZS1GRM, toegeken vir sy besondere ondersteuning aan die klub en veral vir die Ligtoringnaweke. Die BHF Afstandtrofee is aan Naz, ZS1NAZ, toegeken vir sy prestasies op 2 en 6 meter.

Na die formaliteite afgehandel is, het Terry, ZS1AYJ, 'n interessante lesing aangebied oor 'n PIC gebaseerde LCR-brug en frekwensieteller. Die vergadering het besluit dat eersgenoende 'n klubprojek sal word. Die AJV is afgesluit met 'n baie lekker buffetete voorgesit deur Herbie, ZR1ABV, die klubspysenier.
VOORTPLANTINGSVERSLAG

Kobus, ZS6KOB, raporteer dat voortplantingstoestande weereens die afgelope week baie swak was met bitter min sonaktiwiteite. Die sonvlekgetal was Donderdag 35,8 teenoor verlede week se 28,3. Die sonvlekgetal het oor die afgelope twee maande bykans konstant gebly. Dit het op 6 Januarie 'n skielike laagtepunt van 15 bereik. Op 13 en 14 Januarie was daar 'n redelike koronaopening op die sonoppervlakte, maar met min gepaardgaande aktiwiteite.

Baie DX-liefhebbers wend hulle tans wêreldwyd na Echolink- ingesluit myself. Echolink word nie deur myself as 'n radioamateurmodus ge-ag nie. Dit kan ook nie die opwinding van ware DX vervang nie.

Alhoewel die draaipunt van siklus 23 gedurende 2007 verwag word, mag dit aansienlik vroeër wees. DAGBOEK VAN GEBEURE

21 tot 23 Januarie - PEARS BHF-kompetisie; 23 Januarie - Presidentsnet en Integnet; 29 Januarie - SARL-Jeugdag; 05 Februarie - Oos Rand Radioklub Vlooimark; 10 Februarie - Lesingsvoorstelle vir AMSATCON2005 in te dien; 12 Februarie - RTA-lesing by NARS om 10:00; 12 en 13 Februarie - SARL HF Velddag; 18 Maart - Sluitingsdatum vir Tinus Lange 7066 Toekennings 31 Maart - Finale lesings vir AMSATCON2005 in te dien; sluitingsdatum vir stadium 1 van die 2005 Konstruksiekompetisie; 08 April - SARL Toekenningsdinee 09 April

- AJV van die SARL; 14 Mei - AMSATCON2005; 31 Mei - sluitingsdatum vir stadium 2 van die 2005 Konstruksiekompetisie;

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 700, 9 750 en 7 082 kHz en verskeie 2 m herhalers in u omgewing te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin. Dit is saamgestel deur Dennis, ZS4BS, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gere?ld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens aan almal.

/EX